

Skriflesing: Jesaja 44:1-5 (1983-Vertl)Heidelbergse Kategismus: **Sondag 27**Teks: **Jesaja 44:4****Sing- (Voorsang: Ps. 19:1,6)****Tydens erediens: Ps. 92:3,4; Ps. 107:1,4; Ps. 147:6,7; Sb. 18-1:1,2 (14:1,2)****Jesaja 44:1-5****Isa 44:1** Maar luister nou, my dienaar Jakob, Israel wat Ek uitverkies het:**Isa 44:2** So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nou nog help: Moenie bang wees nie, my dienaar Jakob, Jesurun wat Ek uitverkies het.**Isa 44:3** Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.**Isa 44:4** **Hulle sal uitspruit soos gras in die veld, soos wilgerbome langs waterlope.****Isa 44:5** Die een sal sê: "Ek behoort aan die Here," en homself 'n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S'n en homself 'n lid van die volk Israel noem.**Sondag 27****Vraag 72: Is die uitwendige, waterbad self dan die afwassing van die sonde?**

Antwoord: Nee, want alleen die bloed van Jesus Christus en die Heilige Gees reinig ons van alle sondes.

Vraag 73: Waarom noem die Heilige Gees die doop dan die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes?

Antwoord: God sê dit nie sonder gewigtige redes nie. Hy wil ons naamlik daarmee leer dat die bloed en Gees van Christus ons sondes so wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam wegneem. Verder wil Hy ons veral deur hierdie Goddelike waarborg en teken verseker dat ons net so werklik geestelik van ons sondes gewas is as wat ons liggaam uitwendig met water gewas word.

Vraag 74: Moet die jong kinders ook gedoop word?

Antwoord: Ja, aangesien hulle net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit is. Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is.

Skriflesing: Jesaja 44:1-5Heidelbergse Kategismus: **Sondag 27**Teks: **Jesaja 44:4****Sing Ps. 92:3,4; Ps. 107:1,4; Ps. 147:6,7**

As Sondag 27 op ons doop ingaan, broeder en suster, spesifiek dan ook die doop van kindertjies, dan gaan dit primêr oor ons leer rondom die verbond. Met die verstaan van die verbond staan of val ons belydenis rondom die kinderdoop. Die wederdopers, ook 'n latere Karl Barth, hier rondom die 1940's, ja steeds is daar sovele wat die kinderdoop nie wil aanvaar nie. Die charismatiese groeperinge stuit almal omtrent hier rondom ... Hulle worstel met dinge wat ons kan saamvat as die verhouding tussen skepping en verlossing, wat natuurlik ook op 'n stryd uitloop in die verhouding tussen natuur en genade. Ja, sal van hierdie mense vir ons sê die besnydenis in die ou verbond het wel met die verbond te make gehad, maar toe het die verbond nog meer met die natuur te doen gehad. Dit was nie soseer teken van die verlossing nie, terwyl as ons oor die doop handel moet ons wegkom van die natuurlike van die mens maar moet ons

meer met die geestelike, met die verlossing, met die genade van God ons lewens vervul, die natuur moet nie 'n rol speel nie.

Die vraag is, is dit waar wat die beskuldigings is, waarom wil sovele nie die besnydenis en doop met mekaar in verband bring nie? Die Kategismus worstel natuurlik ook met van hierdie vrae. Tog is die Kategismus baie duidelik op die geestelike ingestel, op die verlossing van die mens, trouens dis alles genade wat ons ook in Sondag 27 bely.

'n Babatjie word wel in sy/haar natuur met water gedoop, dogtertjies en seuntjies, terwyl in die ou verbond net seuntjies op 8 dae ouderdom besny kon word, maar dit het nie hulle besnydenis 'n saak van die natuur gemaak nie. 'n Dogtertjie is deur die besnydenis van haar pa in dieselfde verbond gereken en waar sy in die huwelik met haar man kon tree was die besnydenis geestelik verteenwoordigend van beide hulle wat een geword het se een word in die verbond waarvan die man steeds die teken van die verbond vir hom en sy vrou gedra het. Die besnydenis was dis net so 'n diep geestelike en verteenwoordigende saak soos wat vandag met die doop 'n diep geestelike betekenis daarin lê en ouers van 'n kindjie dit verteenwoordigend doen wanneer 'n kindjie uit hulle gebore en aan hulle toevertrou gedoop mag word.

Oor die instelling en die betekenis van die besnydenis is daar met erns gehandel. Herinner uself aan daardie nag wat die Here vir Moses wou doodmaak omdat hy en sy vrou nie die erns en betekenis van die besnydenis hulle tweede seun betyds toegedien het nie (vgl. Eks 4:24-26).

Wanneer ons vandag ons belydenis rondom Sondag 27 oopmaak, gaan dit baie duidelik daaroor dat die uiterlike dinge, of noem dit dan ook die natuurlike dinge van water en die vlees 'n al hoe groter en diep-binne geestelike betekenis moet verkry. Ons bely met ons waterdoop inderdaad ook die besnydenis, maar dit gaan in wese oor die besnydenis van die hart. Dit wat 'n mes en 'n mensehand nie kan doen nie, maar wat God alreeds aan ouers en 'n kindjie belowe Hy wel doen en kan doen. Natuur en genade, skepping en verlossing mag nooit van mekaar geskei word nie, dit moet ons reeds by 'n kindjie se doop besef. Ons gaan in hoofsaak die volgende drie sake aan die orde stel. Hoe kindertjies ook tot die verbond van genade behoort. In die tweede plek – hoe

hulle die beloftes van die verbond ontvang. In die laaste plek – hulle moet ook wandel in die wee in wat hierdie verbond van ons eis. Eerste dan-

Hoe kindertjies ook tot die verbond van genade behoort:

Ons het Jesaja 44 die paar verse gelees. In 'n droë land kan God groot dinge doen. Dit ook in 'n droë hart ... Grond waarop ek lewe en loop raak inderdaad ook die grond van ons doop, die grond waaruit die mens gemaak is, wat insluit elke gebore babatjie. Jesaja 44 begin te praat oor God wat ons gemaak het, *Hy is jou Maker, jou Formeerder van die moederskoot af* ... Daar word op die grond water uitgegiet en dadelik bring Jesaja die water op droë grond ook in verband met God se water want stel Jesaja die water op die dorsland en die strome op die droë grond in verband met die Heilige Gees wat al by kindertjies ter sprake mag kom. *Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge ...* (of soos in die '83 Vertl wat ons gelees het - *Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.*)

En hoe pragtig word die verbondenheid van ouers tot hulle gedoopte kindertjies nie in vers 4 tot die gras en die bome verbind nie. Die rivier waarlangs die bome kan groei laat gras en wilgerbome uitspruit. Daardie rivier waarlangs ons vandag in Sondag 27 beweeg is ons “doop - rivier”, alles ook met water uitgevoer en ons gedoopte kinders word deel van die lewende gras en bome wat uit en langs daardie rivier wil groei en sy takke laat spruit. Alles ook in verbondenheid tot mekaar. Ja, ons kan sekerlik die bome van Jesaja 44 deursien na die bome van Openbaring 22, waar die sappige blare elke maand groen bly en vrug dra en hulle sap is tot genesing van die nasies.

Ja, uit ons verstaan van die doop moet daar vir die ware Kerk en God se kinders 'n genesende effek vir 'n baie siek mensdom gesoek kan word. Sulke kindertjies word later deel van die ou bos, deel van die ouer bome en tog word hulle doop nie vergeet nie, want verkondig Psalm 92 dit ook - *In die gryse ouderdom sal hulle nog vrugte dra, hulle sal vet en groen wees, om te verkondig dat die HERE reg is, my rots, en in Hom is geen onreg nie* (vv 15-16). Die doop baie klein begin het nie 'n einde in wat dit ook vir 'n oue mens kan beteken nie.

Dit bly die betekenis van wat V/A 72 en 73 kragtig en belydenisvol saamvat- Die uitwendige water was nie self die sonde af nie, daarteen het ons dit teen die Roomse dwaling. Ons as

gereformeerdes glo en bely alleen die bloed van Christus en die Heilige Gees kan ons van sondes reinig. Tog is water wel ter sprake en selfs word die die doop die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes genoem. Daarmee het vraag 73 'n groot betekenis na vore gebring. Dit wat vir kindertjies ook bedoel is al kan hulle nog niks daarvan hoor of verstaan nie. Dit het ons dan reeds by ons tweede gedagte uitgebring-

Hoe ons en ons kindertjies die beloftes van die verbond ontvang?

God het nie ons ore en verstand nodig om wel Sy werk te doen nie. God is in alle geval die enigste wat kan werk waar geen mens by kan uitkom nie en Hy gee betekenis wat die mens nooit daardie betekenis self sou kon uitwerk nie. God wat kan werk en niemand keer nie en God keer en niemand kan werk nie. So kan God in 'n klein kindjie die werk begin in wat Hy beloof en wat die bloed en die Gees van Christus vir daardie kindjie ook wil doen. Die gedagte van 'n bad is tog iets van 'n plek waar ek wil skoon word, ek wil gebad word as ek my vuil liggaam skoon wil maak.

In die geestelike sin is die wedergeboorte ons bad en so noem die Heilige Gees dan ons geestelike bad die afwassing van ons sondes. So seker soos water die vuilheid van die liggaam kan afwas so seker kan die Gees en bloed van Christus ons sondes wegneem. Dit word 'n diep geestelike saak, dit wat die diep-innerlike in elke opsig aanspreek en wil aanraak dat God deur die doop 'n waarborg en 'n teken voorsien dat ons geestelik gebad kan word en Hy bad ons inderdaad geestelik as sy bloed en Gees ons sondes afwas. Die water bly gewoon die uitwendige teken in wat die Gees en die bloed van Christus werklik kan doen.

In alles wat ons tot nou toe genoem het, kan daar geen rede wees om kindertjies dáárby uit te sluit nie. Jesaja 44 het in alles ook kindertjies in die oog. Waar 'n kroos en nakomelinge ter sprake kom het dit tog duidelik met kindertjies te make? Al lees ons aanvanklik in die Nuwe Testament meer net van die doop van volwassenes is dit eintlik ook so logies.

God se Woord wat uitbeweeg het na heidense lande, is dit gewoon 'n noodsaaklike gevolg dat die grootmense die eerste gedoop sou word want hulle is nog nie Kerk nie, hulle sou Kerk gemaak moet word. Tog waar die kerk in hierdie grootmense die ware verbondsgemeenskap begin vorm en dit uitleef kan dit sekerlik veronderstel word as ons lees van 'n man sy gesin is

gedoop dat as 'n gesin uit vyf lede bestaan het dat drie van die gedooptes in sodanige gesin kinders sou wees.

Nêrens bestaan daar in alle geval 'n verbod in God se Woord dat kindertjies nie gedoop mag word nie. Christus sou in alle geval sy bloed nie minder vir kindertjies wou gee as wat Hy dit dan aan die ouer mense gegee het nie. Om in Christus begrawe te mag word, deur die doop in sy dood, soos wat Rom 6 dit stel – vv 3-4: *3 Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? 4 Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlijkheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel.* Daar waar Christus se dood en begrafnis tot ons doop spreek, spreek dit in alle geval tot alle verbondskinders, hoe jonk of hoe oud ook al. Want dit gaan nie oor wat die mens doen nie, maar in wat Christus vir die mens gedoen het. Die doop wil nie by niks anders uitkom as om net by Christus en sy volbragte werk uit te kom nie. Dit ontvang kindertjies ook in wat hulle later moet leer en weet. Dit bring dan ons laaste gedagte vandag na vore -

Daar moet wel in die weë van die verbond gewandel word:

Daar is talle voorbeelde waar Jesus se omgang, skakeling en liefde vir kindertjies uitstaan. Hy het die kindertjies na Hom toe wou laat kom. Niemand moet hulle verhinder nie. Ja, is ook bekend die geweldige uitspraak wat in al drie die Evangelies uitgeskryf staan, waar Jesus gesê het dat iemand wat 'n kind laat struikel in die seebodem moet sink: Luister maar na Matt. 18: 6 *... maar elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is vir hom beter dat 'n meulsteen aan sy nek gehang word en hy wegsink in die diepte van die see.* (Vgl. ook Mar 9:42, Luk. 17:2). In Mark 10 vers 14-16 ken ons ook die besondere woorde- *14 Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. 15 Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. 16 En Hy het sy arms om hulle geslaan, sy hande op hulle gelê en hulle geseën.*

Hierdie pad en liefde wat Jesus met die kindertjies aandui is tog sekerlik ook al deel van 'n verbondspad wat God met hulle wil loop. 'n Verbond wat ons tog ook van mag sing- *sy verbond met Abraham sy vrind//bevestig Hy van kind tot kind.* Ons belydenis stel die heilshistoriese en

heilsordelike betekenis in 'n besondere pakkende vorm- Kindertjies is ... **net soos die volwassenes in die verbond van God en sy gemeente ingesluit (is). Ook aan hulle word nie minder as aan die volwassenes deur die bloed van Christus die verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, beloof nie. Daarom moet hulle ook deur die doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word. So is dit in die Ou Verbond deur die besnydenis gedoen in die plek waarvan die nuwe Verbond die doop ingestel is.**

Daarom besef ons vandag as ouers hulle kindertjies doop is dit 'n deel word van die Kerk van die Here. As teken van die verbond word hulle by die Kerk ingelyf. Hulle ontvang 'n merkteken van die Lam, wat hulle onderskei van die merkteken van die dier wat ons in Openbaring van lees. Die ouers moet hulle kindertjies soos hulle opgroei hieroor al meer onderrig en laat onderrig. Dit is die wese van alle onderrig wat ook die wese van Katkisasie moet word. Laat ons die waarheid maar ook ons eie maak – in die opvoeding van ons kinders daarin lê die toekoms van die land. Vertel my wat jy jou kind leer, dan sal ek verstaan wat jy van die toekoms dink.

So word die seuns gelei, so moet die dogters gelei word, om weer vaders en moeders in die komende geslagte te wees, wat die verbond in al sy betekenis wil toe-eien en hulle kindertjies in geen deel daarvan wil laat mis nie. Hoe mooi ook die woorde in Psalm 144 vers 12 in die verband- *12 sodat ons seuns soos plante mag wees wat opgekweek is in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare wat uitgebeitel is na die boustyl van 'n paleis ...*

'n Kind wat die merkteken van Christus ontvang het, mag ook in Hom opgroei. Watter genade! So 'n kind mag weet ek behoort nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser en Saligmaker Jesus Christus. Alles waaroor Sondag 1 V/A 1 oor handel word so 'n kindjie se deel, al verstaan hy/sy nog niks daarvan nie. Watter wonderlike troos as dit ook vir 'n kindjie mag geld- Ons luister net weer daarna - **Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duivel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop**

kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Die laaste deel van hierdie antwoord gebeur eers later, maar geen deel hiervan mag oor 'n kindjie se lewe uitgelaat word nie. Daardie hartlike gebeurtenis wat die wedergeboorte en die bekering insluit doen die Heilige Gees, sodat ook die kindjie soos hy/sy groter word van harte gewillig en bereid word om so in die verbond te lewe. So moet hulle dan ook wandel in die wel en die weë van God se verbond. Watter voorreg om vir jou kind te mag leer, jy behoort aan Christus, die doop het dit al wou aangryp, jy mag jousef 'n verbondskind noem, wandel dan in hierdie verbond. God wil of het jou ook reeds gewederbaar ...

AMEN